

2 September

Skrifgedeelte: Psalm 139:1-16
Fokusgedeelte: Psalm 139:13-16

Deur God aanmekaar geweef in die moederskoot

In hierdie pragtige lied bid Dawid tot die HERE, die troue God van die verbond. “U sien dwarsdeur my, U ken my”(vs 1). In sy eenvoudige en klein lewe van elke dag (vs 2-6). U ken my soos ek nietig en verlore in die onmeetlike ruimtes van die heelal staan (vs 7-12). Daarby kom nog 'n derde: U ken my, vanaf my eerste oomblik tot die einde (vs 13-16).

Wanneer het dit begin, dat God se hand in liefde my vashou? Hy het my gemaak. Ek is 'n kunswerk van God. Heerlik en vertroostend praat hy oor wat aan die geboorte voorafgaan. Aanmekaargeweef – deur die hand van God. Jy sien dit voor jou ... soos 'n wewer aan die werk. In die wirwar van drade ontstaan langsaam maar seker 'n patroon. As die weefsel klaar is en die drade vasgeheg, mag ons die kunswerk aanskou. Met tere Vaderliefde vorm Hy die handjies, die oë, die fyn weefsel van senuwees en spiere. Hy laat die hartjie klop. Dankbaarheid en aanbidding vervul jou as jy die ontstaan van jou eie lewe en van jou kinders in hierdie lig mag sien.

Wat van liggaamlike en geestelike gestremde kinders dan? Het God by dié kinders 'n weeffout gemaak? Ouers wat so 'n kindjie kry, sal met so 'n vraag worstel. Daarop is geen maklike antwoord te gee nie. Maar één ding staan vas: God ken ook hierdie kinders. Hy staan aan hulle kant. In sy hart is daar ruim plek vir hulle. Ook op hulle het Hy sy hand gelê.

God wat só aandagtig, só liefdevol met ons begin besig was, is ook só by ons verdere lewe betrokke. Dag na dag. In liefde is Hy met jou besig – en in geen nood of pyn of smart hoef jy sonder sy krag en troos te wees nie. Jesus verseker ons: Ek is die goeie herder. Ek ken my skape (Joh. 10:14).

Sing: Psalm 139:6, 7 (1936)

Prof. F (Faan) Denkema (Emeritus)